

3 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 15

Fokusgedeelte: Genesis 15:9 en 18(a)

Die bloedverbond (1)

Tussen God Drie-enig en almal wat gedoop is, is daar 'n baie spesiale verhouding. Die Bybelse woord vir hierdie verhouding is die woord verbond. Die dag toe die Here in hierdie spesiale verhouding met Abraham getree het, was verbondsluitings bekende prosedure tussen konings en volkere onderling gewees. Verbondsluiting kon tussen gelyke partye afgespeel het soos die tussen Dawid en Jonatan. Meer dikwels is verbonde tussen ongelyke partye gesluit soos dié tussen 'n wen en 'n verloorkoning na 'n oorlog. Die verbondsluiting tussen God en Abraham is duidelik tussen twee ongelyke partye.

Die prosedure van 'n vers, 'n bok en 'n skaapram wat in helftes gemaak moes word, sodat die bloed tussen die helftes diere afgeloop het, en die twee verbondspartye wat dan saam tussen die dierehelftes moes deurbeweeg, was 'n tipiese verbondsluiting en was ryk aan simboliese waarde. So 'n verbond is 'n bloedverbond genoem. Die betekenis van so 'n bloedverbond kry ons in Jeremia 34:18. Daar herinner die Here die Ou-Testamentiese kerk aan sy verbond met hulle en dat hulle verbondsbrekers is, en dan kom die ontsettende gevolg van verbondsbreuk dat Jeremia vir die kerk sê dat hulle net soos die diere aan stukke gesny moet word.

Ja, maar onthou dan dat God alleen tussen die dierehelftes deurgeloop het. Abraham was in 'n diep slaap. Dit beteken dat God vir ons sê dat Hy bereid is om aan stukke gemaak te word as Hy van sy kant af die verbond sou breek. Tegelyk het Hy geweet dat sy verbondsgenoot dit nooit sou kon regkry om die verbond te hou nie. Tog moet die verbondseis dat die bondsbreker aan stukke gemaak moet word, deurgaans. Daarom word Jesus aan die kruis in ons plek aan stukke gemaak. Jesus aan die kruis is besig om die verbondseis in ons plek na te kom. Is dit nie genoeg om, in die lig van soveel genade, 'n lewe in dankbaarheid teenoor God te lewe nie?

Sing: Psalm 105:4 en 5 (1936)

Ds JL Aucamp (Kempton Park-Mooifontein)